

VAN DIE REDAKTEUR

In 'n wêreld waar verandering 'n kenmerk is, kom *Stads- en Streekbeplanning* nog onder die ou naam uit omdat dit die enigste geakrediteerde naam vir die tydskrif is.

Daarenteen poog ons om, in lyn met die beleid van die Vrystaatse Universiteit wat verbind is om Suid-Sotho uit te bou, ook die naam in Suid-Sotho te voeg om die naam meertalig te maak, naamlik *Stads- en Streekbeplanning/Town and Regional Planning/Meralo ya Ditoropo le Mabatowa*.

Nog 'n verandering is dat SAPI hom losgemaak het van die tydskrif terwyl die Departement Stads- en Streekbeplanning steeds die redaksionele werk sal doen. 'n Nuwe organisasie bekend as die Akademiese Studiegroep vir Voortgesette Onderwys in Stads- en Streekbeplanning is terselfdertyd gestig met die doel om, soos die naam aandui, voortgesette onderwys vir die professie uit te bou. Een doel van voortgesette onderwys is hernude akademiese kontak. Hopelik kan die studiegroepe uitbrei om alle akademiese inrigtings te verteenwoordig. *Stads- en Streekbeplanning* sal onafhanklik in lyn met akademiese vryheid en die gedagte van soewereiniteit in eie kring (Dooyeweerd), ook die standpunte van die studiegroep uitdra en poog om die gaping tussen teorie en praktyk te oorbrug. Verder sal dit aan akademië nog 'n geleentheid bied om te publiseer in 'n geakrediteerde tydskrif terwyl dit ook 'n oop gesprek oor praktykverwante sake sal dra.

Die uitnodiging om kommentaar aan die tydskrif te stuur oor enige saak wat die wetenskap van Stads- en Streekbeplanning raak, is steeds van krag. Voorsiening word steeds gemaak om die diversiteit van standpunte en ook tale in Suid-Afrika te akkommodeer. Die beginsel van meertaligheid word dus voortgesit in hierdie tydskrif om bydraes in Afrikaans, Engels of enige ander amptelike taal te publiseer. Indien 'n standpunt of taal nie voldoende aangespreek word nie, is dit u verantwoordelikheid om daarin te publiseer.

FROM THE EDITOR

In a world where change is a characteristic, *Town and Regional Planning* still appears under that name, because it is the only accredited name for the journal.

On the other hand we are endeavouring, in line with the policy of the University of the Free State which is committed to developing South Sotho, to add the name in South Sotho to make the name multilingual, namely *Stads- en Streekbeplanning/Town and Regional Planning/Meralo ya Ditoropo le Mabatowa*.

Another change is that SAPI has detached itself from the journal, while the Department of Urban and Regional Planning will continue to do the editorial work. A new organisation known as the Academic Study Group for Continuing Education in Urban and Regional Planning was founded at the same time, with the objective, as indicated by the name, of developing continuing education for the profession. One objective of continuing education is renewed academic contact. It is hoped that the study groups will expand to include academic institutions. *Town and Regional Planning* will convey the viewpoints of the study group and will endeavour to bridge the gap between theory and practice independently in line with academic freedom and the principle of sphere sovereignty (Dooyeweerd). It will also offer academics another opportunity to publish in an accredited journal while it will carry an open discussion on practice-related matters.

The invitation to send commentary on any matter pertaining to the science of Urban and Regional Planning to the journal still applies. Provision will continue to be made to accommodate the diversity of viewpoints and also languages in South Africa. The principle of multilingualism is therefore continued in this journal which would publish contributions in Afrikaans, English or any other official language. If a viewpoint or language is not addressed sufficiently, it is your responsibility to publish on the issue.